

VERDERE ONDERRIG EN OPLEIDINGSFASE (GRAAD 10 TOT 12) REGISTRASIEVORM



2019

Geskrewe aansoek: Wat ons op hierdie vorm bied



*Asseserings sal slegs elektronies beskikbaar gestel word via Impaq se aanlynportaal, met die uitsondering van Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO) en Geografie Kaarte.

As jy vir 'n individuele vak of minder as die vereiste aantal vakke wil registreer, voltooi asseblief die individuele vakregistrasievorm.

Die registrasieproses:

Neem asseblief kennis dat 'n aanlyn registrasieproses vir hierdie en ander opsies op ons webwerf (www.impaq.co.za) beskikbaar is.



1. Leerder

Neem kennis: Slegs een leerder per vorm

Taal van lesmateriaal Afrikaans Engels (Afrikaans, indien geen keuse uitgeoefen word nie)

Volle name ID-nommer (vereis)

Van Soort ID SA ID Paspoot Ander Spesifiseer Ander

Titel Voorletters Afskrif van ID/Geboortesertifikaat (vereis) Ja Nee

Selnommer Geboortedatum JJJJJ / MM / DD

E-pos

Het jy vantevore by Impaq geregistreer? Nee Ja Studentenommer

Fisiese adres

Straat Stad/Dorp Provinsie

Voorstad Land Poskode

GPS-koördinate (opsioneel) Breedteligging Lengteligging

2. Versendingsmetode – Harde kopie formaat

Koerier Bykomende nie-terugbetaalbare afleweringsgelde word gehef as deel van die deposito: R290 vir Suid-Afrika en R1 000 (vrygestel van BTW) vir Namibië. Impaq lewer nie in enige ander land af nie.

Afhaal by verspreider Kliënte kan lesmateriaal self of deur middel van 'n aangestelde koerier by ons verspreider in Irene, Centurion afhaal. Kliënte sal gekontak word wanneer die pakkie gereed is vir afhaal.

Kies een afleweringsmetode:

Dieselfde as fisiese adres

A **Koerierdiens** Word vereis wanneer deur 'n Impaq-netwerktutor geregistreer word en afhaal by verspreider nie gekies word nie.

Fisiese adres

Gebou/Kompleks/Plaas GPS-koördinate (opsioneel) (Desimale graadformaat)

Straat Breedteligging

Voorstad Stad/Dorp Lengteligging

Provinsie Land RSA Namibië

Poskode

B **Afhaal by verspreider**



6. Pakketkeuse: VOO Fase – Graad 10

Kies inhoudopsie

Koste

Lesmateriaal (harde kopie) + Fasiliteerdermateriaal (harde kopie)

R14 497

**Assesserings sal slegs elektronies beskikbaar gestel word via Impaq se aanlynportaal, met die uitsondering van Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO) en Geografie Kaarte.



Neem asseblief kennis dat 'n aanlyn registrasie-proses vir hierdie en ander opsies op ons webwerf (www.impaq.co.za) beskikbaar is.

Bykomende koste

Eksamenraadregistrasie (verplig) R23 per vak (Nie ingesluit by bogenoemde pryse nie)

Bykomende vakke (opsioneel) R2 071 per vak (Sluit eksamenraadregistrasie uit)

Herhaal graad: Nee Ja

Waar het jy van Impaq gehoor?

Vakkeuse: Graad 10

1 Kies taal van lesmateriaal Afrikaans Engels (Afrikaans, indien geen keuse uitgeoefen word nie)

2 Kies twee tale (minstens een huistaal) Afrikaans Huistaal of Afrikaans Eerste Addisionele Taal en English Home Language or English First Additional Language

3 Verpligte vakke Lewensoriëntering

4 Kies jou Wiskunde Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid *Wiskunde word verplig vir vakke gemerk met * en word sterk aanbeveel vir vakke gemerk met ***

5 Kies ten minste drie keusevakke (Ingesluit in pakketkoste)

Jy mag 'n maksimum van twee bykomende keusevakke teen ekstra koste neem.

Indien 'n leerder 'n vakkeuseverandering gemaak het, voltooi die motiveringsvorm asook die inhaalplan op bladsy 6.

<input type="checkbox"/> Besigheidstudies	<input type="checkbox"/> Geografie**	<input type="checkbox"/> Landbouwetenskappe**	<input type="checkbox"/> Rekeningkunde
<input type="checkbox"/> Dramatiese Kunste (Slegs Engels)	<input type="checkbox"/> Geskiedenis	<input type="checkbox"/> Lewenswetenskappe**	<input type="checkbox"/> Toerisme
<input type="checkbox"/> Ekonomie	<input type="checkbox"/> Ingenieursgrafika en Ontwerp**	<input type="checkbox"/> Rekenaartoevoegingstechnologie ¹	<input type="checkbox"/> Visuele Kunste
<input type="checkbox"/> Fisiese Wetenskappe*	<input type="checkbox"/> Inligtingstechnologie** ^{1 2} (Slegs Engels)	<input type="checkbox"/> Computer Applications Technology ¹	
<input type="checkbox"/> Gasvryheidstudies	of <input type="checkbox"/> Verbruikerstudies	<input type="checkbox"/> Landboubestuurspraktyke	

Praktiese assessering het maatskappij-implikasies

¹ MS Windows 7 of hoër en MS Office 2013 of nuwer met MS Access is 'n vereiste.

² Scratch en Delphi 10 is 'n vereiste.

Let wel: Die sagteware wat vir Rekenaartoevoegingstechnologie en Inligtingstechnologie benodig word, is nie ingesluit nie.

Verklaring: VOO-Fase – Graad 10

Met indiening van hierdie registrasievorm verklaar ek:

Graad 10 Ek is vertrouwd met die reëls aangaande toelating en vakkeuses aangeteken in die **graad 10 – 12 uiters belangrike inskrywingsinligting-dokument** (beskikbaar op www.impaq.co.za).

en

Die leerder is op die vereiste standaard om na graad 10 bevorder te word. (Beleid bepaal dat 'n leerder die bepaalde standaarde moet bereik vir suksesvolle voltooiing van graad 9 voor toelating tot graad 10). In die geval waar 'n geldige rapport nie beskikbaar is nie, lê die verantwoordelikheid by my (voog/ouer) en ek bevestig hiermee die leerder se gereedheid en voldoening aan die graad 9-standaarde.

Pakketkeuse: VOO Fase – Graad 11

Kies inhoudopsie

Koste

Lesmateriaal (harde kopie) + Fasiliteerdermateriaal (harde kopie)

R14 497

**Assesserings sal slegs elektronies beskikbaar gestel word via Impaq se aanlynportaal, met die uitsondering van Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO) en Geografie Kaarte.



Neem asseblief kennis dat 'n aanlyn registrasie-proses vir hierdie en ander opsies op ons webwerf (www.impaq.co.za) beskikbaar is.

Bykomende koste

Eksamenraadregistrasie (verplig) R105 per vak (Nie ingesluit by bogenoemde pryse nie)

Bykomende vakke (opsioneel) R2 071 per vak (Sluit eksamenraadregistrasie uit)

Herhaal graad:

Nee

Ja

Waar het jy van Impaq gehoor?

Vakkeuse: Graad 11

1 Kies taal van lesmateriaal

Afrikaans

Engels

(Afrikaans, indien geen keuse uitgeoefen word nie)



Onthou om 'n geldige graad 10-rapport saam met hierdie aansoek in te dien

2 Kies twee tale (minstens een huistaal)

Afrikaans Huistaal

of

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

en

English Home Language

of

English First Additional Language

3 Verpligte vakke

Lewensoriëntering

4 Kies jou Wiskunde

Wiskunde

of

Wiskundige Geletterdheid

Wiskunde word verplig vir vakke gemerk met * en word sterk aanbeveel vir vakke gemerk met **



5 Kies ten minste drie keusevakke

(Ingesluit in pakketkoste)

Jy mag 'n maksimum van twee bykomende keusevakke teen ekstra koste neem. Die gekose vakke moet vanaf graad 10 voltooi word.

Indien 'n leerder 'n vakkeuseverandering gemaak het, voltooi die motiveringsvorm asook die inhaalplan op bladsy 6.

Besigheidstudies

Geografie**

Landbouwetenskappe**

Rekeningkunde

Dramatiese Kunste (Slegs Engels)

Geskiedenis

Lewenswetenskappe**

Religiestudies

Ekonomie

Ingenieursgrafika en Ontwerp**

Rekenaartoevoegingstechnologie¹ of

Toerisme

Fisiese Wetenskappe*

Inligtingstechnologie**^{1 2} (Slegs Engels)

Computer Applications Technology¹

Visuele Kunste

Gasvryheidstudies

of

Verbruikerstudies

Landboubestuurspraktyke

Praktiese assessering het maatskappij-implikasies



¹ MS Windows 7 of hoër en MS Office 2013 of nuwer met MS Access is 'n vereiste.

² Delphi 10 is 'n vereiste.

Let wel: Die sagteware wat vir Rekenaartoevoegingstechnologie en Inligtingstechnologie benodig word, is nie ingesluit nie.

Verklaring: VOO-Fase – Graad 11

Met indiening van hierdie registrasievorm verklaar ek:

Graad 11 Ek is vertroud met die reëls aangaande toelating en vakkeuses aangeteken in die **graad 10 – 12 uiters belangrike inskrywingsinligting-dokument** (beskikbaar op www.impaq.co.za).

en Die leerder het graad 10 op die KABV-kurrikulum suksesvol voltooi en die geldige, finale rapport is aangeheg.

of indien die leerder voor **Januarie 2019** registreer en die **finale rapport nie beskikbaar is nie**, sal die leerder **slegs voorwaardelik aanvaar word indien 'n kwartaal twee slaagrapport** tydens registrasie ingedien word. Wanneer die finale rapport beskikbaar is; aanvaar ek die verantwoordelikheid om dit voor die einde van Januarie 2019 by Impaq in te dien. Ek verstaan dat die aansoek slegs voorwaardelik aanvaar sal word, en dat indien ek versuim om die finale graad 10-rapport in te dien, die leerder se registrasie gekanselleer kan word. (Kansellasiebeleid sal toegepas word).

Pakketkeuse: VOO Fase – Graad 12

Kies inhoudopsie

Koste

Lesmateriaal (harde kopie) + Fasiliteerdermateriaal (harde kopie)

R14 497

**Assesserings sal slegs elektronies beskikbaar gestel word via Impaq se aanlynportaal, met die uitsondering van Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO) en Geografie Kaarte.



Neem asseblief kennis dat 'n aanlyn registrasieproses vir hierdie en ander opsies op ons webwerf (www.impaq.co.za) beskikbaar is.

Bykomende koste

Eksamenraadregistrasie (verplig) RTT en IT: R850 elk. Alle ander vakke: R688 elk.

Eindeksamenadministrasiegeld (verplig) RTT en IT: R550 elk. LO: Geen fooi. Alle ander vakke: R345 elk.

Bykomende vakke (opsioneel) R2 071 per vak (Sluit eksamenraad- en finale eksamenadministrasiegeld uit)

Herhaal graad: Nee Ja

Waar het jy van Impaq gehoor?

Vakkeuse: Graad 12

1 Kies taal van lesmateriaal

Afrikaans Engels (Afrikaans, indien geen keuse uitgeoefen word nie)

Onthou om die **graad 10- en graad 11-rapporte** saam met hierdie registrasie in te dien.

2 Kies twee tale (minstens een huistaal)

Afrikaans Huistaal
of
 Afrikaans Eerste Addisionele Taal

en

English Home Language
of
 English First Additional Language

3 Verpligte vakke

Lewensoriëntering

4 Kies jou Wiskunde

Wiskunde of Wiskundige Gelettertheid

Wiskunde word verplig vir vakke gemerk met * en word sterk aanbeveel vir vakke gemerk met **

5 Kies ten minste drie keusevakke

(Ingesluit in pakketkoste)

Jy mag 'n maksimum van twee bykomende keusevakke teen ekstra koste neem. Die gekose vakke moet vanaf graad 10 en 11 voltooi word.

Indien 'n leerder 'n vakkeuseverandering gemaak het, voltooi die motiveringsvorm asook die inhaalplan op bladsy 6.

Besigheidstudies Lewenswetenskappe**
 Ekonomie Rekenaartoevoegingstechnologie¹
of
 Fisiese Wetenskappe* (Wiskunde 'n vereiste)
 Computer Applications Technology¹
 Geografie** Rekeningkunde* (Wiskunde 'n vereiste)
 Geskiedenis Religiestudies
 Ingenieursgrafika en Ontwerp** Inligtingstechnologie**^{1 2} (Engels aanbeveel)
 Landbouwetenskappe** Toerisme

Gasvryheidstudies
of
 Verbruikerstudies
 Dramatiese Kunste (Engels aanbeveel)
 Visuele Kunste

Landboubestuurspraktyke

Indien Impaq praktiese assessering fasiliteer: ongeveer R1 000 ekstra

Indien Impaq praktiese assessering fasiliteer: ongeveer R2 000 ekstra

¹ MS Windows 7 of hoër en MS Office 2013 of nuwer met MS Access is 'n vereiste.

² Delphi 10 is 'n vereiste.

Let wel: Die sagteware wat vir Rekenaartoevoegingstechnologie en Inligtingstechnologie benodig word, is nie ingesluit nie.



Waar van toepassing moet 'n vorige graad 12-rapport ook ingedien word.

Verklaring: VOO-Fase – Graad 12

Met indiening van hierdie registrasievorm verklaar ek:

Ek is vertroud met die reëls aangaande toelating en vakkeuses aangeteken in die **graad 10 – 12 uiters belangrike inskrywingsinligting-dokument** (beskikbaar op www.impaq.co.za).

en

Die leerder het graad 10 en 11 op die KABV-kurrikulum suksesvol voltooi en die geldige, finale rapport is aangeheg:

- Finale graad 10-rapport
- Finale graad 11-rapport

of, indien die leerder voor Januarie 2019 registreer en die finale graad 11-rapport nie beskikbaar is nie moet die volgende geldige rapporte aangeheg word:

- Finale graad 10-rapport
- Graad 11 kwartaal twee slaagrapport

Die leerder sal slegs vir voorwaardelike goedkeuring oorweeg word indien 'n kwartaal twee slaagrapport tydens registrasie ingedien word.

Wanneer die finale rapport beskikbaar is; aanvaar ek die verantwoordelikheid om dit voor die einde van Januarie 2019 by Impaq in te dien. Ek verstaan dat die aansoek slegs voorwaardelik aanvaar sal word, en dat indien ek versuim om die finale graad 11-rapport in te dien, die leerder se registrasie gekanselleer kan word. (Kansellasiebeleid sal toegepas word).

MOTIVERING VIR VAKVERANDERING 2019

Voltooi hierdie bladsy indien vakveranderinge tussen grade/kwartale gemaak is.



Alle versoeke vir vakveranderinge in die VOO-fase moet saam met hierdie voorgeskrewe vorm asook 'n afskrif van die nuutste rapport ingedien word. Die vorm moet saam met die registrasievorm teen die voorgeskrewe afsnydatum per graad ingedien word. Sonder hierdie vorm sal die vakverandering nie oorweeg word nie en die registrasie kan nie voortgaan nie. (Verwys na die uiters belangrike inskrywingsinligting vir afsnydatums en kontak die VOO-departement vir statutêre reëls en regulasies).

Volle name	<input type="text"/>	ID-nommer (vereis)	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Van	<input type="text"/>	Soort ID	SA ID	<input type="text"/>	Paspoort	<input type="text"/>	Ander	<input type="text"/>	Spesifiseer Ander						
Studente-nommer	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

Vak/ke waarmee die leerder nie in die nuwe jaar/graad gaan voortgaan nie:

1.	<input type="text"/>
2.	<input type="text"/>

Nuwe vak/ke waarvoor aansoek gedoen word:

1.	<input type="text"/>
2.	<input type="text"/>

Kies die toepaslike rede vir die vakverandering/e:

- | | |
|---|---|
| <input type="checkbox"/> Verandering in loopbaan-/studierigting | <input type="checkbox"/> Medies |
| <input type="checkbox"/> Vereiste vir verdere studies | <input type="checkbox"/> Impaq bied nie die vak aan nie |
| <input type="checkbox"/> Taalverandering van vak | <input type="checkbox"/> Druip vak |
| <input type="checkbox"/> Ander (Heg addisionele motivering aan) | <input type="checkbox"/> Tegniese rigting na akademiese rigting |

Kies die toepaslike program wat gevolg gaan word om die vakinhoud vir die vorige kwartaal en/of graad in te haal:

- | |
|---|
| <input type="checkbox"/> Ekstra klasse/Aanstel van 'n tutor |
| <input type="checkbox"/> Werk deur lesmateriaal, portefeuljies en ou vraestelle |

Verklaring

Met indiening van hierdie vorm verklaar ek dat:

1. Impaq nie verantwoordelik gehou mag word indien die leerder wat 'n vakverandering maak, leerprobleme ervaar as gevolg van die vakverandering nie.
2. Goedkeuring van enige vakverandering onderhewig aan Impaq se diskresie is, en slegs waar die bogenoemde voorwaardes en soos uiteengesit in die uiters belangrike inskrywingsinligting nagekom is.

Datum: / /

Handtekening: Ouer/Voog



7. Betaalmetode – Afdeling moet deur rekeninghouer voltooi word

Gebruik vyf-syfer studentenommer (bv. 21000) as betaalverwysing

Kies **een** van die onderstaande drie betalingsmetodes:

A Eenmalige betaling

Volle bedrag word onmiddellik betaal soos per kwotasie.
10% korting op pakketprys word toegestaan.
Betaling moet via EFO/bankdeposito/kredietkaart gemaak word.

B Maandelikse betaling via EFO/bankdeposito/kredietkaart

Kliënt betaal maandelikse paaiement.
Deposito van **40%** van pakketprys word vereis met registrasie (55% na 1 Julie 2019).
Uitstaande bedrag word maandeliks in gelyke paaiemente verhaal, soos per aanvaarde kwotasie.
Eerste paaiement: Maand ná registrasie (vroegste Januarie); laaste paaiement: Oktober.

C Maandelikse Impaq-gedadministreerde debietorder

Impaq stel 'n outomatiese maandelikse debietorder op.
Deposito van **25%** van pakketprys word vereis met registrasie (40% na 1 Julie 2019).
Deposito word nie outomaties verhaal nie en moet per EFO/bankdeposito/kredietkaart betaal word.
Uitstaande bedrag word maandeliks in gelyke paaiemente verhaal, soos per aanvaarde kwotasie.
Eerste paaiement: Maand van registrasie (vroegste Januarie); laaste paaiement: Oktober.

Algemene bepalinge:

- Bankbesonderhede en verwysings gebruik vir betalings moet soos per kwotasie/faktuur geskied, anders mag kwotasie verander.
- Betalings mag aanlyn via Impaq se betaalportaal gemaak word.
- Kredietkaartbetalings mag by Impaq se kantoor geskied.
- Geen tjeks of kontant sal aanvaar word nie.
- Betaling van kwotasie geld as ooreenkoms in terme van die aantal paaiemente, die bedrag en die begindatum.
- Fakturering geskied op die **vyf-en-twintigste (25ste)** van elke maand en betaling moet op die bepaalde datum gemaak word.
- Standaard BTW-regulasies geld.
- Alle gelde op hierdie vorm sluit BTW in.
- Die pakketkoste is die somtotaal van die vakke wat gekies word. Gelde vir bykomende vakke, aflewingskoste en ander bykomende kostes is nie terugbetaalbaar nie en is betaalbaar met registrasie.
- Let wel: Eksamenraad en -eksamenadministrasiegelde word op dieselfde voorwaardes as die pakketprys gehef. Afslag kan nie op die gelde toegestaan word nie.

Kies **een** betalingsmetode:

A Eenmalige betaling

Ek wil my rekening eenmalig betaal.

Datum: / /

Handtekening: Rekeninghouer

of

B Maandelikse EFO/bankdeposito/kredietkaart

Vereis deposito met registrasie

Ek wil my rekening maandeliks betaal. Ek gee toestemming dat 'n kredietwaardigheidsondersoek gedoen mag word indien nodig. Ek bevestig dat ek aanspreeklikheid aanvaar vir die betalings soos in die ooreenkoms beskryf.

Datum: / /

Handtekening: Rekeninghouer

of

C Maandelikse Impaq-gedadministreerde debietorder

Vereis deposito met registrasie

Ek wil my rekening maandeliks deur middel van 'n Impaq-gedadministreerde debietorder betaal.

Algemene inligting:

- Bankkoste van R110 word verhaal vir debietorders wat onbetaald terugkom.
- Die rekening sal op die vyf-en-twintigste (25ste) van elke maand vereffen word, met verwysing FLO.
- Indien die goedkeuringsproses afgehandel is voor die twintigste (20ste) van die huidige maand, sal die eerste debietorder dieselfde maand verhaal word. Indien nie, sal die eerste betaling in die volgende maand afgetrek word.
- 'n Versoek om die bankbesonderhede te verander moet skriftelik voor die twintigste (20ste) van die huidige maand ingedien word om die volgende maand se debietorder te verander.

Rekeningbesonderhede vir debietorder:

Rekeninghouer

Rekeningnommer

Bank

Soort rekening Transmissie Spaar Tjek

Tak

Takkode

Suid-Afrikaanse tak? Ja Nee

Ek versoek en bemagtig Impaq (deel van FutureLearn Operations (Edms) Bpk) met hierdie skrywe om die aftrekking van my bankrekening soos hierbo genoem (of vanuit enige nuwe bank- of takrekening in my naam geopen) die bedrag/paaiement soos hierbo uiteengesit of enige ooreengekome bedrag rakende hierdie ooreenkoms en/of aansoekvorm te verhaal. Indien die betaaldatum op 'n naweek of openbare vakansiedag val, gee ek toestemming dat die aftrekking die eerste werksdag voor of na die betaaldatum mag geskied. Indien daar onvoldoende fondse in my rekening is om die ooreenkoms na te kom, stem ek toe dat my rekening gemonitor sal word en inkomende fondse sal as betaling afgetrek word die oomblik wat dit in my rekening verskyn.

Sou enige bedrag/paaiement nie verhaal wees nie of onbetaald terugontvang word, gee ek Impaq toestemming om die onbetaalde bedrag/paaiement onmiddellik van my bankrekening te verhaal. Ek verstaan dat terwyl hierdie ooreenkoms in plek is en die bedrae nog aan Impaq verskuldig is, ek nie geregtig is op 'n terugbetaling van hierdie aftrekkings nie. Ek erken dat ek net hierdie maandaat in 'n twintig (20) dae skriftelike kennisgewing aan Impaq kan kanselleer. Impaq mag hierdie maandaat aan 'n derdeparty afstaan, of sodeer, net indien die ooreenkoms ook aan 'n derdeparty afgestaan of sodeer word. Indien die ooreenkoms nie aan 'n derdeparty afgestaan of sodeer word nie, mag hierdie maandaat nie aan enige derdeparty afgestaan of sodeer word nie.

Handtekening: Rekeninghouer

Datum: / /

8. Uiters Belangrike Inskrywingsinligting



Lees die onderstaande inligting voordat jy vir graad 10 – 12 registreer.

Neem kennis:

- 'n Geldige kopie van die leerder se Suid-Afrikaanse geboortesertifikaat/identiteitsdokument of 'n Suid-Afrikaanse studiepermit word benodig vir alle graad 10 – 12 leerders.
- 'n Rekenaar of skootrekenaar met internettoegang, asook 'n betroubare e-posadres is 'n vereiste vir leerders in die VOO-fase, aangesien Impaq hoofsaaklik by wyse van e-pos kommunikeer. Dit is ook belangrik vir die stuur en inhandiging van assesseringskomponente.
- Impaq bied in 2019 'n opwindende nuwe aanlyn-leerplatform vir leerders aan, wat internettoegang vereis.

VOORWAARDELIKE GOEDKEURING

- Indien 'n geslaagde finale rapport van die vorige graad nie beskikbaar is nie (voor Januarie), sal die leerder slegs voorwaardelik aanvaar word indien 'n kwartaal twee slaagrapport tydens registrasie ingedien word. Die finale rapport moet per e-pos aan voo@impaq.co.za gestuur word (voor 31 Januarie). Voorlopige goedkeuring berus by Impaq.
- Indien die rapport ongeldig of onsuksesvol is, of nie betyds ingehandig word nie, kan die registrasie gekanselleer word. In so geval, sal 50% van die pakketprys as kansellasiebedrag gehef word vir kansellasies voor 15 Januarie, daarna sal 'n kansellasiebedrag van 75% van die pakketprys gehef word.
- Dit beteken dus dat die leerder boeke sal ontvang en in staat sal wees om met die graad voort te gaan, maar dat hulle nie hul finale uitslae sal ontvang totdat die voorwaardelike goedkeuring opgehef is nie. Dit is die ouers se keuse om 'n leerder met dié opsie te registreer. Indien die registrasievorm voor Januarie ingehandig word, gee die ouer/voog outomaties toestemming en aanvaar die risiko.

VAKVERANDERINGE

- Alle vakveranderinge moet goedgekeur word voordat 'n kwotasie gestuur kan word.
- Vir goedkeuring, moet die toepaslike vakverandering- en motiveringsvorm ingevul word.
- 'n Graad 10-leerder mag 'n maksimum van twee vakveranderinge op of voor 25 Junie maak en die betalingsafsnyddatum is 28 Junie van die akademiese jaar.
- 'n Graad 11-leerder mag twee vakveranderinge op of voor 25 Maart maak en die betalingsafsnyddatum is 29 Maart van die akademiese jaar.
- Geen vakveranderinge sal in die graad 12-akademiese jaar goedgekeur word nie.

REGISTRASIE- EN BETALINGSAFSNYDATUMS

- Graad 10 en 11-aansoeke moet teen 30 April 2019 ingedien word, en die deposito (volgens die kwotasie) moet teen 3 Mei 2019 gefinaliseer word.
- Graad 12-aansoeke moet teen 15 Februarie 2019 ingedien word, en die deposito (volgens die kwotasie) moet teen 22 Februarie 2019 gefinaliseer word.
- Ná die aanvanklike afsnydatums word 'n amptelike kwartaalrapport vereis waarin die leerder se vordering tot en met sy/haar registrasie by Impaq tot 31 Augustus 2019 aangetoon word. Daarna sal registrasies op 'n individuele basis nagegaan word. Bykomende vereistes is van toepassing vir graad 12-registrasies.

BYKOMENDE KOSTES – GRAAD 10 TOT 12

- Assessering van praktiese take en mondelinge.
- Eksamen toesighouer.
- Finale graad 12 NSS-eksamen.
- Aflaai en druk van assesseringskomponente.
- Hermerk/herindiening van assesseringstake.
- Bykomende hulpbronne benodig vir die uitvoering van vakke.

EKSAMENVEREISTES

Alle eksamens in die VOO-fase (Junie-, November- en rekordeksamen – graad 12-eindeksamen uitgesluit) moet by 'n goedgekeurde toesighouer (kommissaris van ede, akademiese assessor, gekwalifiseerde onderwyser of netwerktoesighouer wat Impaq gebruik) afgelê word. Dit is die ouer/voog se verantwoordelikheid om 'n toesighouer aan te wys en enige kostes te dek.

Die graad 12 Nasionale Seniorcertifikaat-eindeksamen moet by 'n geregistreerde SACAI-eksamensentrum afgelê word.

Verwys na Impaq se webwerf (www.impaq.co.za) vir meer besonderhede rakende die uiters belangrike inskrywingsinligting en inligting oor die volgende:

- Toelatingseksamens.
- Vakvereistes.
- Neem van meer as sewe vakke.
- Vakke wat deur 'n ander instansie geneem word.
- Graad 12 NSS-eindeksamen.
- Nasien en indien van assesseringskomponente.
- Konsessies.

9. Standaardooreenkoms Impaq (’n afdeling van FutureLearn Operations (Edms) Bpk) – Bepalings en Voorwaardes (1/3)

1. Impaq beteken FutureLearn Operations (Edms) Bpk, registrasienommer: 2011/011959/07, ’n privaatskappy geïnkorporeer in Suid-Afrika wat opvoedkundige produkte en dienste verkoop (wat gebruik kan word in samewerking met privaat en onafhanklike dienste wat deur derde partye, soos Tutors, aangebied word) en wat insluit, maar nie beperk is nie tot opvoedkundige programme en modules, studiemateriaal, eksamens, opdragte en ondersteunings- en administratiewe dienste (hierna verwys as “Produkte” en “Dienste”).
2. Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms:
 - 2.1. “Tutor”: beteken enige individu of onafhanklike entiteit geaktiveer op die Impaq-stelsel om die Produkte en/of Dienste in die uitvoering van privaat tutordienste aan leerders te gebruik;
 - 2.2. “Rekeninghouer”: beteken die persoon wat in hierdie ooreenkoms en die Aansoekvorm onderneem het om alle bedrae verskuldig aan Impaq te betaal, ten opsigte van Impaq se voorsiening van Produkte en Dienste. Die persoon kan ook die Wettige Voog wees soos hierin omskryf;
 - 2.3. “Aansoekvorm”: beteken die Aansoekvorm wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer voltooi is vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms. Die Aansoekvorm gaan gepaard en moet saamgelees word met die bepalinge en voorwaardes van hierdie ooreenkoms;
 - 2.4. “Impaq-beleid”: beteken enige beleid, regulasie, reël of soortgelyke proklamasie wat enige aspek rakende Impaq en/of die Produkte en/of Dienste reguleer. Die Impaq-beleid sal deur Impaq van tyd tot tyd in Impaq se uitsluitlike diskresie bepaal word. Enige verandering of vervanging van die parallelle en/of ekwivalente voorafgaande Impaq-beleid, sal op die Impaq-stelsel gepubliseer word en op publikasie van sodanige nuwe beleid sal dit die voorafgaande beleid (indien enige) vervang. Die huidige Impaq-beleid is op die Impaq-stelsel beskikbaar en word hierin deur verwysing ingesluit;
 - 2.5. “Leerder”: beteken enige leerder geaktiveer op die Impaq-stelsel om Produkte en/of Dienste te ontvang;
 - 2.6. “Wettige Voog”: beteken (a) die ouer of wettige voog van ’n Leerder; of (b) die persoon wat wettige bewaring van ’n leerder het; of (c) die persoon wat onderneem om die pligte van ’n persoon te verrig waarna in (a) en (b) verwys word.
3. Die Wettige Voog onderneem om te verseker dat hy aan al die vereistes van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (soos gewysig) (“die Wet”) voldoen;
 - 3.1. In terme van Artikel 3 van die Wet, sodra ’n Leerder die toepaslike ouderdom bereik, is dit elke Wettige Voog se verantwoordelijkheid om te verseker dat die Leerder ’n skool bywoon en die nodige opvoeding en opleiding ontvang;
 - 3.2. In terme van Artikel 51 van die Wet, is die Wettige Voog verplig om aansoek te doen by die Hoof van die toepaslike Departement van Onderwys, om ’n Leerder van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie ’n openbare of privaatskool bywoon nie, te registreer vir tuisonderrig; en
 - 3.3. Die onderwys verskaf aan die Leerder mag nie minderwaardig wees as die standaard van onderwys wat by openbare skole aangebied word nie;
 - 3.4. Die Wettige Voog is ook verplig om te verseker dat die Leerder se vordering geassesseer word en ooreenstem met die relevante wette wat ’n Leerder se opleiding reguleer; en
 - 3.5. Die Wettige Voog sal ook verplig wees om te voldoen aan enige redelike voorwaardes wat deur die Hoof van die toepaslike Departement van Onderwys neergelê word. Let wel dat die voorwaardes van provinsie na provinsie mag verskil.
 - 3.6. In die geval waar ’n Leerder nie in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig is nie, onderneem die Wettige Voog om te voldoen aan alle relevante wette en beleid ten opsigte van die opvoedkundige vereistes van die betrokke jurisdiksie waar die Leerder woonagtig is.
4. Enige Aansoekvorm wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer voltooi en ingedien word, sal beskou word as ’n aanbod aan Impaq, die ooreenkoms aangegaan deur die Wettige Voog/Rekeninghouer en Impaq sal geag word asof dit voltooi is op die datum en plek waar die ooreenkoms deur die gemagtigde verteenwoordiger van Impaq op hoofkantoor geteken word. Verder in die verband:
 - 4.1. Impaq het geen verpligting om die Wettige Voog/Rekeninghouer in kennis te stel van die aanvaarding van die aanbod nie. Impaq se verskaffing van Produkte en/of Dienste sal beskou word as stilswyende aanvaaring van die aanbod;
 - 4.2. Geen aanbod sal oorweeg word tensy die Wettige Voog/Rekeninghouer aan die nodige vereistes in die Aansoekvorm voldoen nie. In terme van die voorafgaande, behou Impaq die reg voor om enige aanbod te weier;
 - 4.3. Die ooreenkoms sal bestaan vir ’n tydperk van ’n maksimum van een (1) akademiese jaar (soos bepaal volgens Impaq se akademiese kalender) vanaf die datum van die Leerder se aktivering op die Impaq-stelsel, waarna die ooreenkoms aan die einde van die akademiese jaar verstryk en die Wettige Voog/Rekeninghouer in ’n nuwe ooreenkoms met Impaq moet tree vir daaropvolgende akademiese jare.
5. Die Wettige Voog/Rekeninghouer erken:
 - 5.1. Die Wettige Voog/Rekeninghouer is geregtig om ’n aparte ooreenkoms met ’n Tutor aan te gaan, waarvolgens die Tutor gebruik maak van die Produkte en Dienste, wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ingevolge hierdie ooreenkoms aangekoop word, om die Tutor se eie onafhanklike dienste te lewer;
 - 5.2. Geen Tutor is gemagtig om ’n ooreenkoms aan te gaan waarin die Tutor onderneem om Produkte en/of Dienste namens Impaq te verskaf nie;
 - 5.3. ’n Tutor mag nie betaling van enige aard ten opsigte van die Produkte en Dienste hef of aanvaar nie;
 - 5.4. ’n Tutor se aktivering op die Impaq-stelsel impliseer nie akkrediasie met Impaq nie;
 - 5.5. Alle dienste verskaf deur ’n Tutor is nie gereguleer deur Impaq nie en sal beskou word as privaat en onafhanklike dienste van die Produkte en/of Dienste wat in terme van hierdie ooreenkoms aangebied word;
 - 5.6. Enige ooreenkoms tussen die Wettige Voog/Rekeninghouer en ’n Tutor sal nie uitgelê word as deel van hierdie ooreenkoms nie. Impaq sal nie verantwoordelijkheid neem vir enige ooreenkoms aangegaan tussen die Wettige Voog/Rekeninghouer en Tutor nie, en die verhouding tussen die Wettige Voog/Rekeninghouer en ’n Tutor sal nie deur hierdie ooreenkoms gereguleer word nie.
6. Die Wettige Voog/Rekeninghouer waarborg en onderneem dat:
 - 6.1. Alle inligting wat in die Aansoekvorm verskaf word, is beide waar en akkuraat, en dit is ’n wesenlike term van die ooreenkoms;

9. Standaardooreenkoms Impaq ('n afdeling van FutureLearn Operations (Edms) Bpk) – Bepalings en Voorwaardes (2/3)

- 6.2. Indien nodig, is Impaq geregtig om enige addisionele dokumente en/of oorspronklike dokumente aan te vra. Indien die oorspronklike dokumente nie verskaf kan word nie sal 'n gesertifiseerde afskrif aanvaar word;
- 6.3. Hy/Sy is ten volle vertrouwd met Impaq se mees onlangse Impaq-beleid en sal voldoen aan enige toepaslike Impaq-beleid.
7. Alle wysigings of aanpassings wat die Wettige Voog/Rekeninghouer wil maak ten opsigte van die Leerder se aktivering op die Impaq-stelsel, moet skriftelik binne sewe (7) kalenderdae van die ondertekeningdatum op die Aansoekvorm geskied. Enige veranderinge van watter aard ook al deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ten opsigte van die Leerder se aktivering op die Impaq-stelsel, sal addisionele kostes tot gevolg hê, wat insluit maar nie beperk is nie tot die administrasiekostes bepaal in die Impaq-beleid.
8. Die Wettige Voog/Rekeninghouer bevestig hiermee dat die Leerder voldoen aan die voorgeskrewe riglyne vir aktivering in terme van die gekose Impaq Produkte soos van tyd tot tyd deur Impaq uiteengesit sowel as enige eksterne eksamenraad of enige toepaslike regulerende liggaam. Indien die Leerder versuim om die vereiste bewys in te dien nadat Impaq dit versoek, sal Impaq die keuse hê om die Leerder se aktivering te kanselleer en die voorgeskrewe kansellasiekostes sal intree soos uiteengesit in die Impaq-beleid.
9. Die Wettige Voog/Rekeninghouer moet hom vergewis van die vereistes en reëls van elke Produk en Diens wat van Impaq aangekoop word, met verwysing na die toepaslike kurrikulum en vakke asook die minimum vereistes vir die slaag van die spesifieke program en/of vakke. Die Wettige Voog/Rekeninghouer is ten volle verantwoordelik vir sy keuse van Produk.
10. Die Wettige Voog/Rekeninghouer neem volle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die aansoek vir en aankoop van die Produkte en Dienste wat gekoop word. Tensy anders ooreengekom, is die Wettige Voog/Rekeninghouer verantwoordelik vir die registrasie by enige eksamenraad vir die uitreiking van die graad 12 sertifikaat, en alle kostes wat daarmee gepaard gaan.
11. Die deposito en enige ander gelde soos voorgeskryf in die Aansoekvorm, moet ten volle betaal word voordat enige Produk of Diens gelewer kan word.
12. Indien die Wettige Voog/Rekeninghouer die keuse maak dat die toepaslike Produkte per koerier aan hom/haar gestuur moet word, word dit geag dat die Wettige Voog/Rekeninghouer die koerierskaffer as agent vir die lewering van die Produkte aangestel het. Impaq word deur die Wettige Voog/Rekeninghouer gevrywaar van alle aanspreeklikheid indien die koerierskaffer versuim om enige of al die Produkte te lewer. Die Wettige Voog/Rekeninghouer neem verantwoordelikheid om Produkte gedurende werksure en by die gekose adres te ontvang. Die Wettige Voog/Rekeninghouer stem in om die nie-terugbetaalbare aflewingskoste vir die gekose aflewingsmetode te betaal.
13. Die Wettige Voog/Rekeninghouer neem verantwoordelikheid om binne sewe (7) kalenderdae vanaf die datum van ontvangs die Produkte van Impaq deeglik deur te gaan en te verifieer. Die Wettige Voog/Rekeninghouer moet skriftelike kennis vir Impaq gee indien die inhoud van die Produkte onvolledig is of foute bevat. Indien geen kennisgewing van die Wettige Voog/Rekeninghouer binne sewe (7) dae (soos bo uiteengesit) ontvang word nie, sal die Wettige Voog/Rekeninghouer ten volle verantwoordelik en aanspreeklik wees vir alle moontlike kostes wat aangegaan mag word vir die hersending van Produkte.
14. Alle Impaq Produkte bly die eiendom van Impaq totdat sodanige Produkte ten volle betaal is. Dit word verstaan dat Impaq ten opsigte van die verkoop van die Produkte slegs die reg verkoop om die intellektuele eiendom in enige Produk wat dit verskaf, te gebruik. Dit word verder verstaan dat die eienaarskap van sodanige intellektuele eiendom te alle tye in Impaq gevestig bly.
15. Daar word spesifiek ooreengekom dat alle regte ten opsigte van intellektuele eiendom vervat in Impaq se Produkte en Dienste, ongeag of dit geregistreer is of nie, insluitend maar nie beperk tot Impaq se naam, handelsnaam, opvoedkundige programme, studiemateriaal, eksamens, opdragte, logo en/of beeld nie, sal uitsluitlik die eiendom van Impaq bly. Die Wettige Voog/Rekeninghouer erken en stem in dat hy/sy aanspreeklik sal wees vir enige skade wat Impaq ly, of alternatiewelik om 'n minimale bedrag van eenhonderdduisend rand (R100 000.00) te betaal, indien die Wettige Voog/Rekeninghouer Impaq se Produkte en/of lesmateriaal kopieer, reproduseer of versprei of toelaat dat enige persoon onder sy/haar toesig die bogenoemde aksies neem. Impaq behou ook die reg voor om kriminele klagtes teen die Wettige Voog/Rekeninghouer te neem in die geval van sodanige oortreding.
16. Die Wettige Voog/Rekeninghouer behou die reg om die ooreenkoms, binne sewe (7) dae vanaf die datum van aflewering van die Produk by die genomineerde adres, te kanselleer sonder om enige kansellasiefoeie aan te gaan, mits sodanige Produkte binne veertien (14) dae vanaf die datum van aflewering, aan Impaq se verspreider, in die oorspronklike verpakking teruggestuur word. Enige kansellasie buite die sewe (7) dae-periode sal in terme van die Impaq-beleid (Wysigings en kansellasies) hanteer word en die Wettige Voog/Rekeninghouer sal aanspreeklik wees vir 'n persentasie van die pakketprys, sowel as alle nie-terugbetaalbare kostes.
17. Die Wettige Voog/Rekeninghouer erken dat hy/sy ten volle verantwoordelik is vir alle gelde en kostes ten opsigte van die Produkte en Dienste wat deur Impaq verskaf word en aanvaar verantwoordelikheid om die volle gelde en verwante administrasiekostes voor of op die voorgeskrewe datum te betaal.
18. Indien die Wettige Voog en Rekeninghouer verskil, onderneem hulle om gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik te wees vir die betaling van alle bedrae wat aan Impaq betaalbaar is of sal wees. Die Rekeninghouer sal slegs verander kan word indien alle bedrae verskuldig aan Impaq deur die huidige Rekeninghouer ten volle betaal is.
19. In die volgende gevalle behou Impaq die reg om die aansoek te kanselleer en/of te weier om enige Produkte of Dienste te verskaf, insluitend maar nie beperk tot toegang tot assesserings, toegang tot die my.Impaq-platform, sowel as administrasie- en ondersteuningsdienste nie, waar:
- 19.1. Die Rekeninghouer versuim om verskuldigde betalings aan Impaq te maak; of
- 19.2. Enige gelde verskuldig is aan Impaq deur die Rekeninghouer ten opsigte van 'n Leerder se vorige registrasie(s); of
- 19.3. Die Wettige Voog/Rekeninghouer in versuim is met enige bepalinge en voorwaardes van die ooreenkoms.
20. Vir die doeleindes van alle regsproesse sal 'n sertifikaat dien as prima-facie bewyse van skuld, indien dit deur die finansiële bestuurder van Impaq of sy genomineerde (wie se aanstelling as sodanige nie nodig is om te bewys nie) opgetrek word wat die skuld van die Wettige Voog/Rekeninghouer teenoor Impaq verklaar, ten opsigte van alle verskuldigde bedrae ingevolge hierdie ooreenkoms en die Aansoekvorm.
21. Impaq en enige van sy behoorlik gemagtigde verteenwoordigers, mag die regte wat hierin vervat is, op enige tydstip aan 'n derde party sonder toestemming van die Wettige Voog/Rekeninghouer sedeer of toewys. Die regte wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ingevolge hierdie ooreenkoms verkry word, mag nie sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van Impaq gesedeer of toegeken word nie.
22. Die fisiese adres en die e-posadres (indien enige) wat die Wettige Voog/Rekeninghouer in die Aansoekvorm verskaf, is die gekose adres vir die doeleindes van lewering van regs kennisgewings of enige kommunikasie met betrekking tot hierdie ooreenkoms. Die Wettige Voog/Rekeninghouer onderneem om Impaq skriftelik in te lig deur middel van voorafbetaalde geregistreerde pos, e-pos of faks van enige adresverandering. Impaq sal geregtig wees om kennisgewings aan die fisiese perseel te heg indien die ontvanger nie teenwoordig is nie.

9. Standaardooreenkoms Impaq (’n afdeling van FutureLearn Operations (Edms) Bpk) – Bepalings en Voorwaardes (3/3)

23. Die Wettige Voog/Rekeninghouer stem hiermee in dat die Suid-Afrikaanse reg hierdie ooreenkoms sal reguleer. Indien die bedrae verskuldig vir Produkte en Dienste nie betyds betaal word volgens die gekose betaalm metode in die Aansoekvorm nie, stem die Wettige Voog/Rekeninghouer toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof en erken dat hy/sy aanspreeklik is vir alle regskostes, insluitend kostes op ’n prokureur-en-kliëntskaal.
24. Die Rekeninghouer verloën hiermee enige voordele waarop hy/sy geregtig mag wees, sonder om die voorgaande te beperk, die voordele van “geen waarde ontvang nie, rekeningshersienings, non numerata pecuniae (dat geen geld aan die Rekeninghouer betaal was nie), non causa debeti (dat geen geldige gronde vir die skuld/e bestaan nie), errore calculi (dat daar ’n fout was in die berekening van enige uitstaande bedrag) en die hersiening van rekeninge”, die betekenis en effek waarvan die Rekeninghouer verstaan en erken dat hy/sy ten volle vertrou is.
25. Geen afwykings of wysigings aan hierdie ooreenkoms of afstanddoening van enige regte sal geldig wees nie, tensy dit skriftelik gemaak is en onderteken word deur beide die Wettige Voog/Rekeninghouer en Impaq, of sy behoorlike bemaagtigde verteenwoordiger. Wanneer die ooreenkoms geïnterpreteer word sal die bepaling van enige geldige skriftelike wysiging saam met die balans van hierdie ooreenkoms gelees word.
26. Geen versuim van Impaq om enige bepaling van hierdie ooreenkoms af te dwing, sal beskou word as ’n afstanddoening van die betrokke bepaling of Impaq se reg om op die bepaling te steun nie. So ’n versuim sal op geen manier Impaq se regte affekteer, om die spesifieke uitvoering van die bepaling op enige tyd in terme van die ooreenkoms te vereis nie.
27. Impaq, sy direkteure, werknemers en diensverskaffers sal nie aanspreeklik wees vir enige direkte, indirekte of gevolgskaad of verliese wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer of Leerder gely word nie, insluitende dood, besering van watter aard ook al, wins- of dataverlies en vertraging, hetsy op grond van kontrak of delik, wat voortspruit uit die gebruik van Impaq se Produkte en/of Dienste, wanneer dit as ’n tuisonderrigprodukt of deur ’n Wettige Voog of Tutor op enige ander manier gebruik word.
28. Die Wettige Voog/Rekeninghouer stem hiermee toe en magtig Impaq, sowel as Impaq se genomineerde of agent, om enige nodige kredietkontrole of -navrae by enige kredietburo of soortgelyke opspoorfasiliteit uit te voer en om die persoonlike- en rekeningbesonderhede van die Wettige Voog/Rekeninghouer te verifieer, met die doel om die kredietwaardigheid en kontakligting van die Wettige Voog/Rekeninghouer te bevestig. Impaq behou die reg om enige finansiële of betalingsinligting van die Wettige Voog/Rekeninghouer aan ’n Tutor of enige Impaq agent of sessionaris te openbaar.
29. In hierdie ooreenkoms sal die verwysing na een geslag die ander geslag insluit. Verwysings na ’n regspersoon moet natuurlike persone en trusts insluit en omgekeerd. Verwysings na die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd.

Verklaring

REKENINGHOUER:

Ek, _____ (volle name en van), (ID nommer: _____) bevestig dat ek die bepalinge en voorwaardes gelees het en ten volle verstaan. Verder bevestig ek dat ek persoonlik aanspreeklik is vir die betaling van die rekening en ek onderneem verantwoordelikheid vir die stiptelike betaling van die rekening of enige boetes of administrasiekostes soos gestipuleer in die ooreenkoms en registrasievorm. Ek verbind my tot die bepalinge en voorwaardes.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Handtekening: Rekeninghouer _____

WETTIGE VOOG (INDIEN NIE DIE REKENINGHOUER NIE):

Ek, _____ (volle name en van), (ID nommer: _____) bevestig dat ek die bepalinge en voorwaardes soos uiteengesit hierbo en in die registrasievorm gelees het, ten volle verstaan en myself daartoe verbind.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Handtekening: Wettige voog _____

